



Nederduitse Gereformeerde Kerk

Noordelike Sinode

Geagte Kollega

Sinodesitting 13 Februarie 2015

Op die afgelope SDR vergadering is besluit om 'n Inligting Sinodesitting te hou as deel van ons proses ten opsigte van die voorgestelde veranderings van Atrikel 1 in ons kerkorde. Elke kerkraad sal vroeg in volgende jaar 'n formele brief kry met betrekking tot die inhoud van die sinodesitting. Hierdie brief bevat solank 'n paar praktiese sake waaraan ons nou al aandag moet gee:

Plek

Die Sinode vind plaas op Vrydag 13 Februarie 2015 by Doornpoort gemeente (Boababstraat 841, Doornpoort).

Tyd

Die sinode vind oor een dag plaas vanaf 09:00 tot 18:00.

Afvaardiging

Die SDR het besluit dat *dieselfde afvaardiging* van die 2012 Sinode ook vir die komende sinode geld soos uiteengesit in Bepaling 32.3.2.

** Indien die persone **nie** meer beskikbaar is nie, moet 'n *gewysigde geloofsbrief* ingehandig word.

Stuur dit aan hermien@noordsin.co.za.

** Indien die geloofsbrief nie verander nie, word u vriendelik versoek om die Sinodale Kerkkantoor deur middel van 'n e-pos in kennis te stel dat die afvaardiging dieselfde bly (hermien@noordsin.co.za).

** Stuur ook asseblief al die afgevaardigdes se noemname, e-pos adresse en kontaknommers na Hermien.

** Gebruik gerus die *aangehegte geloofsbrief* indien u gemeente se afvaardiging moet verander.

** Die **sperdatum** vir die indien van die *geloofsbriewe/e-posse* is **16 Januarie 2015**.

Reis- en verblyfreëlings

Die sinode betaal die afgevaardigdes se reis en verblyfkoste. Reiskoste word per motor betaal waar 2-4 persone saam ry, 5-8 persone = 2 motors. Waar slegs een persoon per gemeente kom, moet reëlings met 'n naburige gemeente getref word om saam te ry. [Soos in die verlede is die aanname dat persone wat in die Pretoria-omgewing woon, en reistoelaes ontvang, nie reiskoste sal eis nie.]

Indien jy die Donderdag of Vrydag moet oorbly en van akkomodasie gebruik wil maak, moet jy asseblief vir Nicolene Smuts by Doornpoort kontak. Nicolene se nommer is 012-547 1456 Hulle sal reël vir gerieflike akkomodasie by hulle kerk of by lidmate naby die kerk (twee persone per kamer).

** Indien jy nie vir die reëling kans sien nie, sal jy ongelukkig jou eie reëlings op eie onkoste moet tref. Jammer daaroor!

Kom ons luister na mekaar

Indien jy nou alreeds 'n skriftelike bydrae tot die gesprek wil maak, kan jy dit na Hermien e-pos. (hermien@noordsin.co.za) Ons het gereël dat daar van nou af 'n skakel in die "Verskil" is na die webwerf waarop ons dan al hierdie bydraes sal publiseer. **Besoek:** <http://www.ngk-ntvl.com/> en volg die skakels.

Navrae

Skakel gerus met Hermien by die die Sinodale Kerkkantoor indien jy enige navrae het.

Bid asseblief saam met ons vir hierdie sinodesitting.

Hartlike groete



Sinode Beplanning Taakspanleier